

MUNISIPALITEIT PIETERSBURG : DORPSGRONDVERORDENINGE

PIETERSBURG MUNICIPALITY : TOWNLANDS BY-LAWS

**Administrateurskennisgewing 1245
11 Desember 1968**

Die Administrateur publiseer hierby, ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Woordomskrywing

1. *In hierdie verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken -*

“dorpsgrond” alle grond, uitgesonderd opgemete erwe, parke, publieke plekke, sportvelde en strate, geregistreer in die naam van die Raad;

“grootvee” enige bees, perd of donkie wat ouer as 12 maande is;

“kamp” enige gedeelte grond in die besit vof onder beheer van die Raad wat omhein en deur die Raad aangewys is as weiplek van vee;

“kleinvee” enige skape of bokke;

“lisensie” enige lisensie vir enige van die doeleindes van hierdie verordeninge wat onderteken is deur die Stadsklerk of enige ander beampte wat behoorlik deur die Raad daartoe gemagtig is;

**Administrator’s Notice 1245
11 December 1968**

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Definitions

1. In these by-laws, unless the context indicates otherwise -

“camp” means any portion of ground in the possession or under the control of the Council which has been fenced off and which the council has designated as grazing camp for stock;

“Council” means the Town Council of Pietersburg and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance No. 40 of 1960);

“large stock” means any bovine, horse or donkey over the age of 12 months;

“licence” means any licence for any of purposes of these by-laws and signed by the Town Clerk or any official duly authorised by the Council;

“small stock” means sheep or goats;

“Raad” die Stadsraad van Pietersburg en omvat die bestuurskomitee van daardie Raad of enige beampte deur die Raad indiens geneem, handelende uit hoofde van enige bevoegdheid wat in verband met hierdie verordeninge aan die Raad verleen is en wat ingevolge artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960 (Ordonnansie No. 40 van 1960) aan hom gedelegeer is;

“veld” enige onomheinde weiding waar geen onbewaakte weiding toegelaat word nie;

en enige ander woord of uitdrukking waaraan ‘n betekenis in die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, of die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkiesings), 1960, toegeken is, het daardie betekenis.

Bewoning van dorpsgrond

2. *Niemand mag enige gedeelte van die dorpsgrond, vir welke doel ook al, gebruik, okkupeer of daarop woon nie, tensy so ‘n persoon behoorlik deur ‘n lisensie van die Raad daartoe gemagtig is.*

Lisensies

3. *Die Raad kan ‘n lisensie toestaan of weier of intrek en by die toestaan daarvan word bepaal presies op welke gedeelte van die dorpsgrond die lisensiehouer die reg wat die lisensie aan hom verleen, mag uitoefen.*
- 4.(1) *Enige besoeker aan Pietersburg kan sy trekdier, of as daar met vee getrek word, sodanige trekdier of vee op die dorpsgrond laat wei indien hy die nodige lisensie van die Raad bekom.*
- (2) *Elke slagter aan wie ‘n permit vir die slag van vee deur die Raad van Beheer oor die Vee- en Vleisnywerhede toegeken is en elke melkery-eienaar en goedgekeurde melkleweransier wat aan die vereistes van die Raad se*

“townlands” means all land with the exception of surveyed erven, parks, public places, sports grounds and streets registered in the name of the Council;

“veld” means any unfenced pasturage where no uncontrolled grazing shall be allowed;

and any other word or expression to which a meaning has been assigned in the Local government Ordinance, 1939 or in the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960, shall bear that meaning.

Occupation of townlands

2. No person not duly authorised thereto by a licence of the council shall use, occupy or reside upon portion of the townlands for any purpose whatsoever.

Licenses

3. The Council may grant or refuse or withdraw a licence and on the granting thereof the precise portion of the townlands on which the licensee may exercise the right given to him by the licence shall be determined.
- 4.(1) Any visitor to Pietersburg may depasture his draught animals or, should stock be on trek such draught animals or stock, on the townlands, provided he obtains the necessary licence from the Council.
- (2) Every butcher to whom a permit for the slaughter of stock has been granted by the Livestock and Meat Industries Control Board and every owner of a dairy and approved mil purveyor complying with the Council's Public Health By-laws

*Publieke
Gesondeheidsverordeninge voldoen
en wat daarkragtens gelisensieer
is, kan om weidingsgeriewe
ooreenkomstig item 2(2) van die
Bylae hierby aansoek doen.*

- (3) *Niemand word toegelaat om Bantoebediendes op dorpsgronde te huisves nie, uitgesonderd instansies soos periodiek deur die Raad bepaal word, en dan slegs wanneer nodig, en die hoeveelheid bediendes wat in verband met weidingskontrole gehuisves word, word tot ses (6) beperk.*
- (4) *Alle aansoeke ingevolge die bepalings van hierdie verordeninge wat betrekking op die oprigting van strukture het moet skriftelik wees en vergesel wees van planne wat aan die Stadsraad se bouverordeninge voldoen.*

Aanhou van Diere

- 5.(1) *Enige eienaar van diere, uitgesonderd diere wat kragtens hierdie verordeninge op die dorpsgrond verbied word, wat verlang om van die dorpsgrond vir weidingsdoeleindes gebruik te maak, moet skriftelik aansoek doen om die uitreiking van 'n lisensie en moet, indien sodanige lisensie toegestaan word, gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel vanaf die datum van uitreiking van sodanige lisensie betaal ongeag of die regte uitgeoefen word of nie. Die getal en tipe diere ten opsigte waarvan sodanige lisensie verlang word, moet duidelik op die aansoek uiteengesit word.*
- (2) *Enige verandering in die getal of die tipe van diere ten opsigte waarvan 'n lisensie ingevolge subartikel (1) uitgereik is, moet onmiddellik skriftelik aan die Raad oorgedra word.*
- (3) *Enige dier wat op die dorpsgrond gevind word en ten opsigte waarvan daar nie 'n lisensie uitgereik is nie, word onmiddellik geskut en die eienaar van sodanige dier is skuldig aan 'n*

and licensed in terms thereof, may apply for depasturing facilities in accordance with item 2(2) of the Schedule hereto.

- (3) No person shall be permitted to accommodate Bantu servants on townlands, except in such instances, when necessary, as determined by the Council from time to time, and provided that the number of servants housed in connection with pasturing control shall be limited to six (6).
- (4) Every application in terms of these by-laws, in respect of the erection of structures must be lodged in writing together with plans complying with the Town Council's building by-laws.

Keeping of Animals

- 5.(1) Any owner of animals, with the exception of those animals prohibited on the townlands in terms of these by-laws who desires to make use of the townlands for depasturing purposes, shall apply, in writing, for the granting of a licence and shall, should such a licence be granted pay the fees as determined from time to time by the Council as from the date of issue of such licence irrespective of whether the rights are exercised or not. The number and type of animals in respect of which such licence is desired shall be clearly set out in the application.
- (2) Any change in the number or the type of animals in respect of which a licence has been issued in terms of subsection (1) shall be conveyed to the Council, in writing, forthwith.
- (3) Any animal found on the townlands in respect of which no licence has been issued shall be impounded forthwith and the owner of such animal shall be guilty of a contravention of these by-laws.

oortreding van hierdie verordeninge.

(4) *Weiding van diere op die dorpsgrond geskied op die risiko van die eienaar van sodanige diere en die Raad aanvaar geen verantwoordelikheid vir die welsyn van sodanige diere nie.*

(5) *Die Raad stel van tyd tot tyd die maksimum aantal vee wat op die dorpsgrond mag wei by besluit vas. Die drakrag van die dorpsgrond sal volgens voorskrifte van die Departement van Landbou Tegniese Dienste bepaal word.*

Gebruik van Dorpsgrond en Toepassing van Wisselweiding

6. *Die Raad behou hom die reg voor om te eniger tyd enige gedeelte van die dorpsgrond vir enige wettige doel, anders as weiding, te gebruik en kan die dorpsgrond ook in soveel kampe, insluitende kontrolekampe, verdeel as wat nodig geag mag word. Die Raad behou voorts ook die reg om te eniger tyd na gelang van omstandighede die lisensiehouer aan te sê om sy diere na 'n ander kamp oor te plaas ten einde wisselweiding in die hand te werk. Indien 'n lisensiehouer se reg as gevolg van die optrede van die Raad ingevolge hierdie artikel enigsins benadeel word, moet die Raad 14 dae voordat sodanige behandeling plaasvind sy voorneme skriftelik aan die lisensiehouer oordra. Indien die Raad nie soortgelyke geriewe aan 'n lisensiehouer op 'n ander gedeelte van die dorpsgrond kan verskaf nie, het sodanige lisensiehouer geen eis teen die Raad nie.*

Aanhou van Sekere Diere op Dorpsgrond Verbode

(4) Depasturing of animals on the townlands shall take place at the risk of the owner of such animals and the Council shall accept no liability for the well-being of such animals.

(5) From time to time the Council shall by resolution determine the maximum number of stock which may be depastured on the townlands. The carrying capacity of the townlands shall be determined according to directions of the Department of Agricultural Technical Services.

Use of Townlands and Application of Pasture Rotation

6. The Council reserves the right at any time to use any portion of the townlands for any lawful purposes, other than depasturing and may also divide the townlands into as many camps including control camps, as may be deemed necessary. In addition the Council also reserves the right, at any time, as the case may be, to instruct the licensee to transfer his animals to another camp in order to aid pasture rotation. Should a licensee's right in any way be prejudiced as a result of the action of the Council in terms of this section the Council shall convey its intention, in writing, to the licensee 14 days before such prejudice occurs. Should the Council be unable to provide the licensee with similar facilities on another portion of the townlands, such licensee shall have no claim against the Council.

Keeping of Certain Animals Prohibited on townlands

7.(1) *Niemand mag 'n bul of 'n hings wat 18 maande oud of ouer is op die dorpsgrond laat wei nie behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van die Raad en dan slegs indien sodanige bul of hings deur 'n wagter opgepas word.*

Honde op die Dorpsgronde Verbode

8. *Geen honed word op die dorpsgrond toegelaat nie en enige hond wat op die dorpsgrond gevind word kan deur die Raad vernietig word en die eienaar van sodanige hond het geen eis teen die Raad nie en daarbenewens word geag dat hy hierdie verordeninge oortree het.*

Aansteeklike Of Besmetlike Siektes

9. *Geen diere wat ly aan of vermoedelik ly aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte, of wat afkomstig is van 'n besmette stal, trop, streek of plaas, word toegelaat om in enige kamp te wei nie. Enige sodanige dier word behandel ooreenkomstig die bepalings van die Wet op Dieresiektes en -parasiete, 1956 (Wet No 13 van 1956), of wysigings daarvan, en die eienaar daarvan of persoon wat beheer daaroor het, word deur die Raad aanspreeklik gehou vir alle onkoste wat aangegaan word. Iemand wat sodanige dier na die kamp bring of laat bring, is skuldig aan 'n misdryf.*

Uitbreek van Aansteeklike Siektes

10. *Waar 'n aansteeklike of besmetlike siekte in enige kamp uitbreek, word die houer van die weidingslisensie en die persoon wat beheer oor die betrokke dier het, gesamentlik en afsonderlik deur die Raad aanspreeklik gehou vir alle koste wat noodwendig deur die Raad aangegaan moet word om aan die bepalings van die Wet op Dieresiektes en Parasiete, 1956 (Wet No. 13 van 1956), of wysigings daarvan, te voldoen, of om aan die wettige vereistes van die Staatsveeaarts of 'n*

7.(1) No person shall depasture a bull or a stallion over the age of 18 months on the townlands without the prior consent of the Council, in writing, and then only if such bull or stallion is tended by a herdsman.

Dogs Prohibited on the Townlands

8. No dogs shall be allowed on the townlands and any dog found on the townlands may be destroyed by the Council and the owner of such dog shall have no claim against the Council and shall in addition be deemed to have contravened these by-laws.

Infectious or Contagious Diseases

9. No animal suffering or suspected of suffering from an infectious or contagious disease or coming from an infected stable, herd, region or farm shall be allowed to graze in any camp. Any such animal shall be dealt with in terms of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956), or any amendment thereto, and the owner or person in control of such animal shall be held liable by the Council for all expenses incurred and for all damage caused in connection therewith. Any person who brings or causes such animal to be brought to the camp shall be guilty of an offence.

Outbreaks of Infectious Diseases

10. Where an outbreak of any infectious or contagious disease occurs in any camp, the holder of the grazing licence and the person in charge of such animal shall be held jointly and severally liable by the Council for all costs necessarily incurred by the Council in complying with the provisions of the Animal Diseases and Parasites Act, 1956 (Act No. 13 of 1956), or any amendment thereto, or with the lawful requirements of the Government Veterinary Officer or a police officer.

polisiebeampte te voldoen.

Siek Diere

- 11.(1) *Ingeval 'n dier in 'n kamp siek word of vrek, stel die houer van 'n weidingslisensie of die persoon wat beheer oor die dier het, onmiddellik die Raad daarvan in kennis en wys die plek aan waar die siek of gevrekte dier te kry is. Die houer van die weidingslisensie van die siek of gevrekte dier of the persoon wat beheer daarvoor het, word deur die Raad aanspreeklik gehou vir alle onkoste wat deur die Raad noodwendig aangegaan moet word om aan die wettige vereistes van die Staatsveearts of 'n polisiebeampte te voldoen by die behandeling of begraving van sodanige siek of gevrekte dier.*
- (2) *Diere wat onder kwarantyn geplaas word, word slegs ooreenkomstig voorskrifte van 'n veearts en in kampe wat vir daardie doel deur die veearts goedgekeur word, in kwarantyn gehou.*

Inspeksie van Vee

- 12.(1) *Die Raad kan te eniger tyd enige eienaar van diere op die dorpsgrond gelas om al sodanige diere op een plek bymekaar te maak vir doeleindes van inspeksie. Enige eienaar wat weier of nalaat om binne een week aan sodanige opdrag te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie verordeninge.*
- (2) *Indien daar tydens sodanige inspeksie bevind word dat enige dier as gevolg van sy fisiese toestand of ander faktore die Raad of enigiemand anders skade kan berokken, word die eienaar van sodanige dier verantwoordelik gehou om sodanige reëlings as wat nodig mag blyk, te tref. By ontstentenis kan die Raad na goeddunke in sodanig geval optree en die koste van sodanige optrede verbonde op die eienaar van sodanige dier verhaal.*

Diseased Animals

- 11(1) In the event of an animal becoming diseased or dying in a camp, the holder of the grazing licence or the person in charge of such animal shall immediately notify the ranger and indicate the place where the diseased or dead animal is to be found. The holder of the grazing licence of the diseased or dead animal or the person in charge of such animal shall be held liable by the Council for all expenses to which it may necessarily be put in complying with the lawful requirements of the government Veterinary Officer or any police officer in the treating or burying of such diseased or dead animal.
- (2) Animals placed under quarantine, shall be kept under quarantine only in accordance with the prescriptions of a veterinary surgeon and in camps approved by the veterinary surgeon for the purpose.

Inspection of Stock

- 12.(1) The Council may at any time order any owner of animals on the townlands to round up all such animals in one place for inspection purposes. Any owner who refuses or fails to comply with such order within one week shall be guilty of a contravention of these by-laws.
- (2) If during such inspection it is found that any animal is liable to cause damage to the Council or any one else as a result of its physical condition or other factors, the owner of such animal shall be held responsible for making such arrangements as may be necessary, failing which the council may act in its discretion in such case and recover the costs arising from such action from the owner of such animal.

Beskerming van Plantegroei en eiendom van Raad

Protection of Flora and Property of the Council

13. Niemand mag -
- (a) *op die dorpsgrond enige bome, struike, bossies, riet, biesies of gras wat daarop groei verniel nie en mag dit ook nie verwyder nie, behalwe kragtens 'n lisensie van die Raad verkry;*
- (b) *enige kennisgewingbord of omheining op die dorpsgrond verniel, beskadig of verwyder nie.*

13. No person shall -
- (a) destroy or remove any trees, shrubs, bushes, reed, bulrushes or grass growing on the townlands except under a licence obtained from the Council;
- (b) destroy, damage or remove any notice-board or fence on the townlands.

Verwydering van Grond

Removal of Soil

- 14.(1) *Niemand mag op die dorpsgrond stene vervaardig of brand nie of ander voorwerpe van klei by 'n steenmakery maak nie.*
- (2) *Niemand mag op die dorpsgrond of ander gronde wat aan die Raad behoort enige grondstowwe uitgrawe, uithaal, losmaak, losstoot of verwyder nie, behalwe op die plekke wat die Raad deur middel van kennisgewingborde aanwys, tensy so 'n persoon in besit is van 'n geldige lisensie, en die gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel, is vooruitbetaalbaar.*

- 14.(1) No person shall make or burn bricks on the townlands or make other objects of clay at any brickworks.
- (2) No person shall excavate, take out, loosen, bulldoze or remove any raw materials on the townlands or other grounds belonging to the Council except on the places indicated by the Council by means of notice-boards, unless such person is in possession of a valid licence and the fees as determined from time to time by the Council shall be payable in advance.

15. *Lisensies vir die uitgrawe, uithaal, losmaak, losstoot of verwydering van grondstowwe word deur die Raad uitgereik na betaling van die voorgeskrewe gelde, soos van tyd tot tyd deur die Raad vasgestel.*

15. Licences for the excavation, taking out, loosening, bulldozing or removal of raw materials shall be issued by the Council on payment of the prescribed fees as determined from time to time by the Council.

16. *Geen lisensie word vir 'n langer tyderk as een jaar toegestaan nie en elke sodanige lisensie verstryk op die 31ste dag van Desember van die jaar waarvoor dit toegestaan is en 'n lisensie wat vir een maand uitgeneem is, verstryk op die laaste dag van die maand waarvoor die lisensie toegestaan is.*

16. No licence shall be granted for a period in excess of one year and every such licence shall expire on the 31st day of December of the year in respect of which it was granted and a licence taken out for one month shall expire on the last day of the month in respect of which the licence was granted.

17. *Die Raad wys deur middel van kennisgewingborde die plek op die dorpsgrond aan waar behoorlik gelisensieerde persone enige grondstowwe kan uitgrawe,*

17. The Council shall by means of notice-boards indicate the places on the townlands where duly licensed persons may excavate, loosen, bulldoze, take out or

losmaak, losstoot, uithaal of verwyder.

Storting op Dorpsgronde

18. Niemand mag enige motorwrakke, bou-afval, huishoudelike vullis of enige ander vullis of afval op die dorpsgrond stort nie, behalwe op plekke deur die Raad aangedui: Met dien verstande dat geen karkasse van diere op die dorpsgrond gestort mag word nie.

Verwydering en Vernietiging van karkasse

19. Die karkas van enige dier wat op die dorpsgrond gevrek het moet tot bevrediging van die Raad en waar nodig volgens voorskrif van 'n veearts verwyder of vernietig word. Indien die eienaar van sodanige gevrekte dier versuim om hieraan te voldoen, kan die Raad dienooreenkomstig optree en die koste van die verwydering of vernietiging van sodanige dier op die eienaar verhaal. Alle vrektes onder diere moet deur die eienaar van sodanige diere aan die Raad rapporteer word en enige persoon wat versuim om hieraan te voldoen, is skuldig aan 'n oortreding van hierdie verordeninge.

Jag en Wild

20. Niemand mag op die dorpsgrond wild of voëls jag, skiet, vang of op enige ander wyse versteur sonder 'n geldige jaglisensie uitgereik kragtens wetbepalings soos wat van tyd tot tyd van toepassing mag wees en alvorens daar nie 'n lisensie van die Raad bekom is nie.

Hengel op Dorpsgrond

21. Niemand mag op die dorpsgrond hengel sonder 'n lisensie van die Raad nie. Hengelaars moet, benewens die bepalinge van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1967 (Ordonnansie No. 17 van 1967), spesifiek die volgende voorwaardes nakom:-

remove any raw materials.

Dumping on Townlands

18. No person shall dump any motor wrecks, building waste, domestic refuse or any other refuse or waste on the townlands except in places indicated by the Council: Provided that no carcasses of animals shall be dumped on the townlands.

Removal and Destruction of Carcasses

19. The carcass of any animal that has died on the townlands shall be removed to the satisfaction of the Council and shall where necessary be removed or destroyed in accordance with instructions from a veterinary surgeon. Should the owner of such dead animal fail to comply herewith, the Council may act accordingly and recover the costs of the removal or destruction of such animal from the owner. All deaths among animals must be reported to the council by the owner of such animals and any person failing to do so shall be guilty of a contravention of these by-laws.

Hunting and Game

20. No person shall hunt, shoot, capture or in any other manner disturb game or birds on the townlands without a valid hunting licence issued under the provisions of such laws as may be applicable from time to time and not until a licence has been obtained from the Council.

Angling on Townlands

21. No person shall angle on the townlands without a licence from the Council. Anglers shall, in addition to the provisions of the Nature Conservation Ordinance, 1967 (Ordinance No. 17 of 1967) comply specifically with the following conditions:-

- (a) *Hengel mag slegs tussen sonop en sononder geskied.*
- (b) *Geen hengel mag op Sondaes plaasvind nie.*
- (c) *Hengel mag slegs op sodanige plekke soos deur bakens en deur kennisgewings aangedui, geskied.*

Gelde Betaalbaar ten Opsigte van Lisensies

- 22. *Die gelde, soos van tyd tot tyd deur die raad vasgestel, is maandeliks ten opsigte van die verskillende tipe lisensies vooruitbetaalbaar.*

Strafbepaling

- 23. *Enige persoon wat enige bepalings van hierdie verordeninge oortree is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens tweehonderd rand (R200).*

Herroeping van Verordeninge

- 24. *Die Dorpsgronde Regulasies van die Munisipaliteit Pietersburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 811 van 18 September 1928, soos gewysig, word hierby herroep.*

BYLAE

Die gelde betaalbaar ingevolge hierdie verordeninge is soos van tyd tot tyd deur die Raad ingevolge die bepalings van artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel.

- 1(1) *Weiding*
- (a) *Vir grootvee, per dier per maand of gedeelte daarvan R5,50*
- (aa) *Vir kalwers jonger as 12 maande, per maand R2,75*
- (b) *Tydlike weiding van hoogstens ses dae vir grootvee, per dier, per dag of gedeelte daarvan R1,00*

- (a) Angling may only take place between sunrise to sunset.
- (b) No angling may take place on Sundays.
- (c) Angling may only take place in such places as are indicated by beacons and by notices.

Fees Payable in Respect of Licences

- 22. The fees as determined from time to time by the council, shall be payable monthly in advance in respect of the various types of licences.

Penalties

- 23. Any person contravening any provision of these by-laws shall be guilty of an offence and liable on conviction to a penalty not exceeding two hundred rand (R200).

Revocation of By-laws

- 24. The Townlands Regulations of the Municipality of Pietersburg, published under Administrator's Notice No. 811, dated 18 September 1928, as amended, are hereby revoked.

ANNEXURE

The charges payable in terms of these by-laws shall be as determined from time to time by the Council in terms of the provisions of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939.

- 1.(1) *Depasturing*
- (a) *For large stock, per head per month or part thereof R5,50*
- (aa) *For calves younger than 12 months per month, or part thereof R2,75*
- (b) *Temporary depasturing not exceeding six days for large stock, per head, per day or part thereof R1,00*

(c)	<i>Indien enige persoon of instansie meer vee laat wei as waarvoor hy goedkeuring het of sy kwota oorskry, vir grootvee, per dier, per maand of gedeelte daarvan</i> R15,00	(c)	Should any person or body depasture more stock than those for which he has consent, or exceed his quota for large stock, per head per month or part thereof	R15,00
(d)	<i>Kwarantynkampgeriewe vir grootvee, per dier, per maand of gedeelte daarvan:</i> R15,00	(d)	Quarantine camp facilities for large stock per head, per month or part thereof	R15,00
(e)	<i>Vir die huur van grond waarop strukture wat op 'n fondasie of harde vloer in verband met die aanhou van vee opgerig word:</i> <i>Per 100 m² of gedeelte daarvan, per maand of gedeelte daarvan</i> R4,00	(e)	For the rental of land on which structures shall be erected on a foundation or a hard floor in connection with the keeping of live stock: Per 100 m ² or part thereof, per month or part thereof	R4,00
(f)	<i>Vir die huur van grond waarop strukture soos krale, drukgange en ander strukture op die natuurlike grondoppervlakte opgerig word en geen fondasies of harde vloere aangebring word nie:</i> <i>Per 500 m² of gedeelte daarvan, per maand of gedeelte daarvan</i> R4,00	(f)	For the rental of land on which structures such as kraals, cattle crushes and other structures with no foundation or without a hard floor shall be erected on the ground surface: Per 500 m ² or part thereof, per month or part thereof	R4,00
(g)	<i>Waar 'n instansie nie verantwoordelik is vir 'n eie waterrekening nie, en bediendes op die dorpsgronde gehuisves word en water gebruik:</i> <i>Per persoon, per maand of gedeelte daarvan:</i> R4,00	(g)	Where a body is not responsible for its own water account, and servants who use water are housed on the townlands: Per person per month or part thereof:	R4,00
(2)	<i>Gras, per 100 bondels of gedeelte daarvan, met 'n deursnit van 20 sentimeter per bondel:</i> R7,00	(2)	Grass, per 100 bundles or portion thereof, a bundle having a diameter of 20 centimetres:	R7,00
(3)	<i>Biesies, per bondel met 'n deursnit van 30 sentimeter:</i> R0,75	(3)	Reeds, per bundle with a diameter of 20 centimetres	R0,75

(4)	<i>Grond, per m³</i>	<i>R10,00</i>	(4)	Soil per m ³	R10,00
(5)	<i>Sand, per m³</i>	<i>R5,00</i>	(4)	Sand, per m ³	R5,00

PROKLAMASIE
PROCLAMATION

Deur sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal
By the Honourable the Administrator of the Province of Transvaal

Nademaal 'n aansoek ontvang is om toestemming om die dorp Pietersburg Uitbreiding No. 7 te stig op Gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte 10) van die plaas Krugersburg No. 685, Registrasie-afdeling L.S., distrik Pietersburg;

En nademaal aan die bepalings van die Dorpe- en dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, wat op die stigting van dorpe betrekking het, voldoen is;

So is dit dat ek kragtens en ingevolge die bevoegdhede wat by subartikel (4) van artikel twintig van genoemde Ordonnansie aan my verleen word, hierby verklaar dat genoemde dorp 'n goedgekeurde dorp is, onderworpe aan die voorwaardes vervat in die bygaande Bylae.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Sewende dag van Junie Eenduisend Negehonderd Sewe-en-sestig.

*S.G.J. VAN NIEKERK
Administrateur van die Provinsie van Transvaal*

BYLAE

Voorwaardes waarop die aansoek gedoen deur die Stadsraad van Pietersburg ingevolge die bepalings van die Dorpe- en dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, om toestemming om 'n dorp te stig op Gedeelte 11 ('n gedeelte van Gedeelte 10) van die plaas Krugersburg No. 685, Registrasie-afdeling L.S. Distrik Pietersburg, toegestaan is.

A - STIGTINGSVOORWAARDES

1. Naam

Die naam van die dorp is Pietersburg Uitbreiding No. 7.

2. Ontwerpplan van die dorp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos

Whereas an application has been received for permission to establish the township of Pietersburg Extension No. 7 on Portion 11 (a portion of Portion 10) of the farm Krugersburg No. 685, Registration Division L.S., District of Pietersburg;

And whereas the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, relating to the establishment of townships, have been complied with;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by subsection (4) of section twenty of the said Ordinance, I hereby declare that the said township shall be an approved township, subject to the conditions contained in the schedule hereto.

Given under my Hand at Pretoria on this Seventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-seven.

S.G.J. VAN NIEKERK
Administrator of the Province of Transvaal

SCHEDULE

Conditions under which the application made by the Town Council of Pietersburg under the provisions of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, for permission to establish a township on portion 11 (a Portion of Portion 10) of the Farm Krugersdorp No. 685, Registration division L.S., district of Pietersburg, was granted.

A – CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1. Name

The name of the township shall be Pietersburg Extension No. 7.

2. Design of Township

The township shall consist of erven and

aangedui op Algemene Plan L.G. No. A.1079/66.

3. Water

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat 'n voorraad water geskik vir menslike gebruik en wat toereikend is om aan die vereistes van die inwoners van die dorp te voldoen wanneer dit heeltemal toegebou is, met inbegrip van voorsiening vir brandweerdienste, beskikbaar is en dat reëlings getref is in verband met die lewering van water en die retikulاسie daarvan deur die hele dorp. Hierdie reëlings moet 'n onderneming van die applikant insluit om water na die straatfront van enige erf in die dorp te laat aanlê wanneer hy deur die eienaar van die betrokke erf daartoe aangesê word mits die applikant daarvan oortuig is dat dit die bona fide-voorneme van sodanige eienaar is om binne 'n redelike tydperk daarop te bou.

'n Beknopte verklaring waarin die aard en hoeveelheid van die watervoorraad beskikbaar en die hooftrekke van die reëlings uiteengesit word, moet saam met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

4. Sanitêre dienste

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings getref is vir die sanitêre dienste in die dorp, met inbegrip van voorsiening vir die afvoer van vuilwater en vullisverwydering.

5. Elektrisiteit

Die applikant moet 'n sertifikaat aan die Administrateur vir sy goedkeuring voorlê, waarin vermeld word dat reëlings tot voldoening van die plaaslike bestuur getref is vir die lewering van elektrisiteit en die distribusie daarvan deur die hele dorp.

'n Beknopte verklaring van die hoofbepalings van voornoemde reëlings moet tesame met die sertifikaat as 'n aanhangsel daarby ingedien word.

streets as indicated on General Plan S.G. No. A. 1079/66.

3. Water

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that a supply of potable water, sufficient for the needs of the inhabitants of the township when it is fully built up including provision for fire-fighting services, is available and that arrangements have been made regarding the delivery of the water and the reticulation thereof throughout the township. These arrangements shall include an undertaking by the applicant to reticulate water to the street frontage of any erf in the township when called upon so to do by the owner of the erf concerned provided the applicant is satisfied by the bona fide intention of such owner to build within a reasonable period.

A summarised statement setting forth the nature and quantity of the available supply of water and the major features of the arrangements shall accompany the said certificate as an annexure thereto.

4. Sanitation

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the sanitation of the township which shall include provision for the disposal of waste water and refuse.

5. Electricity

The applicant shall lodge with the Administrator for his approval a certificate to the effect that arrangements have been made for the supply and distribution of electricity throughout the township.

A summarised statement of the main provisions of the arrangements shall accompany the certificate as an annexure thereto.

6. Mineraleregte

Alle regte op minerale en edelgesteentes wat by die pagvry grondbesitter berus of hierna kan berus, word aan die applikant voorbehou.

7. Kansellasië van servituut van uitspanning

Die applikant moet op sy eie koste die dorp laat vrystel van die servituut van Uitspanning.

8. Konsolidasië van samestellende gedeeltes

Die applikant moet op eie koste die samestellende gedeeltes, wat deel van die dorp uitmaak, laat konsolideer.

9. Grond vir staats- en ander doeleindes

(a) *Die volgende erf, soos aangewys op Algemene Plan, moet deur die applikant op eie koste aan die betrokke owerheid oorgedra word:-*

Vir Staatsdoeleindes: - Onderwys: Erf No. 1962.

(b) *Die volgende erwe, soos aangewys op Algemene Plan, moet deur die applikant vir die gespesifiseerde doeleindes behou word:-*

As parke: Erwe Nos. 1959, 1960 en 1961.

10. Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van mineraleregte.

11. Aanleg aan duikers en verwydering van stormwater

Die applikant moet die koste dra van enige bykomende duikers wat nodig geag word deur die Suid-Afrikaanse Spoorweë-administrasie vir die doel om stormwater af te voer wat, as gevolg van die stigting van die dorp, op die treinspoor konsentreer en is voorts aanspreeklik vir die verwydering

6. Mineral Rights

All rights to minerals and precious stones which may be or become vested in the freehold owner, shall be reserved to the applicant.

7. Cancellation of Servitude of Outspan

The applicant shall at its own expense cause the township area to be freed from the servitude of outspan.

8. Consolidation of component Portions

The applicant shall at its own expense cause the component portions comprising part of the township to be consolidated.

9. Land for State and Other Purposes

(a) The following erf as shown on the general plan shall be transferred to the proper authority by and at the expense of the applicant:-

For State purposes: educational: Erf No. 1962

(b) The following erven, as shown on the general plan shall be retained by the applicant for the purposes specified:-

As parks: Erven Nos. 1959, 1960 en 1961.

10. Disposal of Existing conditions of Title

All erven must be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals.

11. Construction of Culverts and Disposal of Stormwater

The applicant shall bear the cost of any additional culverts which may be deemed necessary by the South African Railways Administration for the purpose of discharging storm water which, as a result of the establishment of the township, may be concentrated on the railway tracks and

van sodanige stormwater wat afgevoer word van die bestaande sowel as toekomstige duikers onder die treinspore.

12. Nakoming van voorwaardes

Die applikant moet die stigtingsvoorwaardes nakom en moet die nodige stappe doen om te sorg dat die ttelvoorwaardes en ander voorwaardes genoem in artikel 56 bis van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word: Met dien verstande dat die Administrateur die bevoegdheid besit om die applikant van almal of enigeen van die verpligtings te onthef en sodanige verpligtings by enige persoon of liggaam van persone te laat berus.

B – TITELVOORWAARDES

1. Die erwe met sekere uitsonderings

Die erwe uitgesonderd -

- (i) die erwe in klousule A 9 hiervan genoem;
- (ii) sodanige erwe wat vir Staats- of Provinsiale doeleindes verkry word; en
- (iii) erwe wat vir munisipale doeleindes benodig of herverkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe benodig is, goedgekeur het -

is onderworpe aan onderstaande verdere voorwaardes:-

A Algemene voorwaardes

- (a) Die plaaslike bestuur en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 bis van Ordonnansie No. 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of

shall further be responsible for the disposal of all such storm water discharged from the existing as well as any future culverts under the railway tracks.

12. Enforcement of Conditions

The applicant shall observe the conditions of establishment and shall take the necessary steps to secure the enforcement of the conditions of title and any other conditions referred to in section 56 bis of Ordinance No. 11 of 1931: Provided that the Administrator shall have he power to relieve the applicant of all or any of the obligations and to vest these in any other person or body of persons.

B – CONDITIONS OF TITLE

1. The erven with certain exceptions

The erven with the exception of -

- (i) the erven mentioned in clause A 9 hereof;
- (ii) such erven as may be acquired for State or Provincial purposes; and
- (iii) such erven as may be required or re-acquired for municipal purposes provided the Administrator, after consultation with the Townships Board, has approved the purposes for which such erven are required.

shall be subject to the further conditions hereinafter set forth:-

A General Conditions

- (a) The local authority and any other person or body of persons so authorised in writing by the Administrator, shall, for the purpose of securing the enforcement of these conditions and any other conditions referred to in section 56 bis of Ordinance No. 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the abovementioned purpose.

ingestel moet word.

- | | |
|--|---|
| <p>(b) <i>Nòg die eienaar nòg enigiemand anders besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.</i></p> | <p>(b) Neither the owner nor any other person shall have the right to make or permit, to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks</p> |
| <p>(c) <i>'n Goedgekeurde gebou moet deur die eienaar van die erf opgerig word, aangekoop binne 'n tydperk van twee en 'n half (2½) jaar bereken van die verkoopsdatum, of sodanige langer periode as waartoe die plaaslike bestuur in spesiale omstandighede besluit, by gebreke waarvan die erf hertransporteer word aan die plaaslike bestuur op koste van die eienaar teen die oorspronklike bedrag wat betaal is.</i></p> | <p>(c) An approved building shall be erected by the owner on the erf purchased within a period of two and a half (2½) years calculated from the date of sale, or such longer period as the local authority may in special circumstances decide, failing which the erf must be re-transferred to the local authority at the cost of the owner at the original price paid.</p> |
| <p>(d) <i>Die eienaar is nie geregtig om die erf te verkoop alvorens die bepalings van paragraaf (c) hierbo nagekom is nie, sonder om dit eers aan die plaaslike bestuur, teen die oorspronklike prys wat betaal is, aan te bied.</i></p> | <p>(d) The owner shall not be entitled to sell the erf before the conditions of paragraph (c) above have been complied with without first offering it to the local authority at the original price paid.</p> |
